# Opsaal



*Ons stap*

## November 2008

# *Opsaal*

## *Jaarblad van Berg en Dal*

**OPSAAL** word jaarliks onder lede versprei en poog om meeste van die klub se woelinge weer te gee. Erkenning word aan alle bydraers gegee

### JAARVERSLAG 2008

**ELKE** jaar het sy lief en leed. As ons terugkyk na 2008 dan dank ons die Vader vir wonderlike herstel van Faan en Hendrik na hul groot operasies. Saam met ons "Grand Dame" Annie, het ons haar 80ste verjaarsdag gevier. Ons dink ook met leedwese aan ons vriend Dick wat na 'n lyding van ses weke stil gesterf het. Hoewel dit vir Rose 'n hartseer tyd is, getuig sy dat die stappervriende haar gedra het met voorbidding en liefde. Ons dink ook met simpatie aan die onverklaarbare verdwyning van Ray Flanagan.

Op sosiale gebied was die Skoolreunie 'n aand van heerlike pret en ongelooflike oorspronklikheid. Ons is byna almal seniors maar aan geesdrif ontbreek dit nie. Ons het ook 'n gesellige naweek in Boggomsbaai gehad

Vir die meer aktiewe stappers was daar ses rugsakstappe, die naaste Tierkop en die verste Naukluft in Namibië.

Berg-en-Dal lede, aktief en minder aktief, is so meelewend en is dit so 'n unieke klub. Die goeie spanwerk van die komitee het beplanning en uitvoer daarvan moontlik gemaak.
Dankie vir julle positiewe ondersteuning.

Annette Erlank





### DIE GROOTHEID VAN DIE SKEPPING

'n Bekende ou kerkhervormer uit die sestiende eeu het in een van sy boeke geskryf dat die skepping niks minder is nie as die skouburg van God se heerlikheid. Ek glo dat elkeen wat die voorreg het om in hierdie mooi deel van ons land se natuur te kan stap, so iets met entoesiasme sal beaam. Maar dit is nie net die berge en die klowe, die riviere en die see, die maan, sterre en planete aan die naghemel, die sonskyn en die reën, die verskeidenheid van die diere- en planteryk – al die dinge wat ons rondom ons sien – wat ons gedurig herinner aan die grootheid van God se skepping nie. Dit is ook daardie dinge in die skepping wat ons nie altyd so maklik raaksien nie. Dink net: die perfekte manier waarop alles werk, van die ontelbare en onmeetlike wentelbane in die heelal tot die kleinste deeltjies van die atome waaruit alles bestaan, van die groot golwe van die oseaan tot die mikrogolwe wat vir ons lig en hitte gee, van die instink waardeur die diereryk weet wat om te doen, tot die intellek waardeur die mens groot hoogtes kon bereik, dit alles en nog oneindig veel meer getuig van 'n almagtige Skepper wat ook alles deur sy voorsienigheid in stand hou. Wat 'n voorreg is dit vir ons om hierdie dinge nie net te sien en te ervaar nie, maar om self ook deel daarvan te wees!

Pieter Potgieter

## ARANGIESKOP SOPNAT

**OP** 18 April vertrek 'n rekord van 12 rugsakstappers na Robertson. Dit is volmaan en een van Hennie se wyshede is jy doen nie 'n rugsakstap as dit volmaan is nie.

Onder aanvoering van Armin ruk ons op na Dassieshoek. Talita, Frode, Sonja, Hester, Armin, Jaco en Sarel is eerste daar. Rose, Lynnette en ek maak eers 'n draai by Montague en klim in die rigting van Bloupunt, maar sluit voor donker by die groep aan. Jeff en Leslie kom ook veilig aan.

Ons maak 'n groot vuur en braai. Dis Frode se verjaarsdag die volgende dag en ons vier dit met sjampanje, wortelkoek en hy bederf ons ook met Ferrero Rouche sjokolade. Ons bestudeer die roete wat ons die volgende dag moet aanpak. Dit is 'n pragtige volmaanaand en die piek van 1690m is verlig.

Saterdagoggend is ons oppad, effe bewolk maar windstil. Na een uur se klim trek ons reënjasse en mantels aan, dit reën sag. By die eerste water eet ons snoepery al staande vir die nodige brandstof. Die groot klim begin, dit reën al harder en 'n yswind maak dit onaangenaam.

In die mistigheid en koue is ons tog bewus van kranse, watervalle en plate blommende Proteas. Gelukkig is die paadjie redelik oopgekap. Die laaste kilometer na die hut versleg die weer drasties, digte mis en ysreën veroorsaak byna 'n katastrofe.

Half verkluim en deurweek nat, maar almal is veilig. Talita kom tot ons redding want sy begin vuurmaak. Jaco help die tannies om knope en ritse los te maak a.g.v. koue dom vingers. Die gesellige warm hut is 'n uitkoms. Nat klere en skoene word drooggemaak. Buite woed die storm maar ons sit knus met warm sop en koffie en speel kaart tot laat.

A.g.v. digte mis besluit ons die volgende oggend om 8:30, om uit te stap tot by die R318. Ons wag op 'n geleentheid maar alles verloop nie so voorspoedig nie. Om die tyd te verwyl, speel ons "hop scotch" met Talita as die kampioen. Ons stap langs die Burgerspas in die rigting van Montague. Dit trek oop en ons kry 'n pragtige blik op die Koovallei. Jeff kom pik ons op met sy bakkie, sewe mense met 11 rugsakke bondel agterop. Lekker om wiele te hê.



Annette Erlank



## CANSA'S RELAY FOR LIFE




**FOR** the first time in George on Saturday evening and all through the night CANSA arranged their Relay for Life around the track at Outeniqua High. It had been raining the whole day, so it was wet.

Relay for Life is a community based volunteer-driven event and started in SA in 2005 and 49 teams of 15 members each established themselves on and around the pitch among the sponsors and other associated groups.

At 16:00 the team arrived and we established our camp in the middle of the field. Each team was supposed to have at least one person on the track around the field from 18:30 after the opening ceremony until 07:30. Sunday morning. Rose had made a new banner for the Berg en Dal Meesters Stapklub that was used at the tents and some times around the track. The following represented Berg en Dal: Hennie and Annie, Annette, Armin and Doris, Daan and Carol, Jan and Georgie, Rose, Jeanne, Lynette, Andrea and Karen, Talita and Frode, Pieter Potgieter, Christine Lombaard, Lenie de Haan, Carlien and Alan Smuts and maybe more. Armin and Doris had the first leg and Armin set the pace as usual. He was timed to 2 min. 50 sec. on his last lap after 1 hour on the track. It was a long walk towards the beautiful sunrise Sunday morning. There were no complaints and all the time good spirit among the teams inspired by the fabulous MC Claude Pretorius that made every goal line passing exciting.

One of the greatest highlights of the night appeared when 800 candles (luminaries) in decorated white sandbags lit up and encircled the track in memory of the lost ones.

This arrangement was a *Celebration for life.* And in the middle of our group Annie and Hennie with their tent and gazebo, gasbraai, camping equipment and with their inspiring enthusiasm and energy kept it going at the tents or around the track till the sweet end Sunday morning.

Frode Moe

## Dankie



Deur Rose

Hoe sê ek DANKIE?
Met 'n seer wat brand soos 'n witwarm vlam
In my hart, wil ek vandag vir U jubelend dankie sê HERE. Dankie vir vriende wat U vir my en Dick gegee het, Stappersvriende.

Toe Dick met aggressiewe kanker van sy linkerlong gediagnoseer is en my noodkreet uitgaan vir gebede vir hom, het Berg-en-Dal stappers in die berg tussen heide en fynbos gaan sit in aanbidding - vir genesing as dit U wil vir Dick sou wees. Ps. 121: 1,2 sê " Ek kyk op na die berge waarvandaan sal daar vir my hulp kom, my hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het". Dankie Here . Die krag van al die gebede het ons gedra, en dra my nog steeds. Dankie Here dat U ons behoeftes ken en daarvolgens voorsien. Vir elke oproep, besoek, geskenkie, blomme en al die liefde is ek so diep dankbaar voor, en bid U seen op elkeen toe.

Ek het niks om terug te gee nie Heer buiten liefde, so leer U woord ons in 1Kor. 13: 13. Nou bly geloof, hoop, liefde hierdie drie, en die grootste hiervan is die liefde
Dankie HERE
Amen



## WHY SHOULD HIKERS WATCH BIRDS


**WE** perhaps do not realize how lucky we are to be able to hike in such wonderful surroundings. We have mountains and streams and lakes and flowers – but we also have birds. Learning to identify and enjoy birds adds an enormous amount to the fun of any outing, be it in a forest or in the Kruger Park! We have found that birding doubles the enjoyment of any such exercise.

Here in the Wilderness area there are some very special birds that birders from all over the country travel to find. The African Finfoot (*Watertrapper*), for instance, is a rare bird that lives in the shaded hidden waterways. Besides the red bill of the male, it is fairly dully marked and easy to overlook. A shy bird, it feeds along the edge of the river-banks, and is seldom seen. We have at least two pairs locally. One has nested for years up the Kaaimans River towards the waterfall, and the other pair seen at the top of the Giant Kingfisher trail inside the Wilderness Park.



Amongst the reeds along the riverbanks one must also look out for the little Crakes, Moorhens and Grebes. Here a very special sighting is the Purple Gallinule (*Grootriethaan)* with its bright blue and purple plumage and red beak and long red feet. It is a very sought-after bird, very often seen at the Rondevlei Hide – but one could be lucky to catch a glimpse of it in many other secluded spots as it sits in the sun.

On aloes, watsonias and other flowers in the camp and on the verges of the forest, the bright shiny green Malachite sunbird can now and then be seen. Much more prominent, though, is the red chest and metallic green of the Double-collared sunbirds. They are also often seen within the forest where there are trees with flowers. They move quickly from flower-to-flower seeking the nectar on which they feed. Note the long, slender curved bill which is able to penetrate the funnel-shaped flowers.





Another green and red beautiful bird is the shy Narina Trogon (*Bosloerie).* Its bright green back and scarlet chest make it one of the most sought-after of our forest birds. Its harsh call is often heard and those who take the trouble to seek it are well rewarded. We have often seen a pair along the Half-collared Trail. You will be even more likely to see the Knysna Lourie (now called Knysna *Turaco).* When it flies, seeing its bright scarlet wings against the sky is a particular thrill. However, if seen within the branches of the forest trees, it appears as a dark, furtive bird, often creeping and hopping along the branch! Look for it when you find a fig tree as it feeds on fruit – and enjoys an apple if you have a feeder in .. the garden






Tw.o especially beautiful "blue" birds can often be seen along the Half-collared Kingfisher trail as well. The brilliantly coloured Malachite Kingfisher, (*Kuifkopvisvanger)* with its bright red beak, can be seen sitting on reeds or branch overhangs. It feeds on little fish – but even more on frogs and insects. The other little blue gem which can be seen flitting over the water or quietly perched is the Half-collared Kingfisher (*Blouvisvanger)* itself for whom the trail is named. This is a fairly rare bird and a sighting of it is very special. It is larger than the Malachite and appears darker, with its black bill.








It is worth looking out for our various Robins. Besides the much more common Cape Robin (Janfrederik), observant hikers can find the gentle, orange-breasted Chorister Robin (*Lawaaimakerjanfrederik)* with its lovely melodic calls. It has its own call – but often mimics some of our other birds, like the brilliant Emerald Cuckoo in bright emerald green and yellow (which is only here in summer). The other special robin in the Park is the Starred Robin which is much more secretive and rare. It opens up a white flash on its face near the eye when alarmed.

To complete the rainbow of birds, listen for the dulcet calls of the Black-headed Oriole. The bright yellow plumage is distinctive, with a dark, black head. There is a pair often seen around the offices and cabins of the Park. However, always present are the other bright yellow birds, the Cape Weavers. It is fascinating to watch them as the males busily build their intricate nests, and then loudly attempt to attract a female with frantically flapping wings! Should he manage to attract a female, she will inspect the nest. If she is happy with it, she will mate with him and lay her eggs in it. However, she will rip it apart if she feels it is not up to her standards!





So when the knees begin to weaken and the mountains get too steep – take heart! Slow down and incorporate the joys of birding in your hiking adventures. We DO live in Paradise.

David Kingwill

## DIE SKOOLKONSERT

**HIERDIE** pragtige uitnodiging het beslis bygedra tot 'n heerlike gesellige aand.

Dit was 'n koue reënerige dag maar ± 40 lede van Berg-en- Dal het soos opgewonde skoolkinders by die saal aangekom en was lus vir kuier. So in iemand anders se skooluniforms. Ek moet sê Outeniqua Hoër was goed verteenwoordig. Hennie met sy kortbroek, vellies en sonder kouse het sy skoolherinneringe goed uitgebeeld, soos ook later in die aand met sy onthou-nog-storie. Carol het ons oulik vermaak met 'n Dana Snyman vertelling. Faan het ons almal aan sy lippe gehad met stories uit sy "Autograph-boekie". Hendrik het 'n paar onderwysers herdenk en Jan moes eenvoudig gesels oor sy liefde vir blondines in sy skooldae. Ons het heerlik geluister na Lena Heyns se lekker soetigheidjies wat sy van die klippe af geëet het. Die klompie niggies en "neefs" het hulle goed gekwyt van hulle volkspelepassies en sang, al het van die niggies partymaal verdwaal.

Terwyl almal gaan smul het aan heerlike vetkoek met kerriemaalvleis, konfyte, stroop, kaas en smaaklike dadelblokkies koffie en tee het Dave skoolfoto's teen 'n muur gaan plak, elkeen genommer. Ons moes toe vorms voltooi met raaiskote oor wie wie is. Dit het vir baie groot pret gesorg.

Die ronde tafels met sitplek vir 10 was getooi en gestrooi met laerskool eetgoed soos suigstokkies, Smarties ens. Wilma kry 10/10 vir haar bydrae.

Nadat almal heerlik geëet het, haal Annette die sangbundels uit en oudskoliere het die aand afgesluit met heerlike samesang.

Weer eens 'n lekker saamkuier.

Anna van Niekerk



Ai die biologie darem



More oompie more tannie



*Frode came across this beautiful flower Gladiolus. Cardinalis nuwejaarsblom*



GLADIOLUS cardinalis

*Gladiolus cardinalis.* This gladiolis is to be found in nature along streams and waterfalls in the Southwestern Cape, often growing in shady places. Its flowering stem rises to 60 cm and bears bright scarlet flowers with spade-shaped white blotches on the three lower segments, The flowering time: is summer. It should be planted in February and kept watered adequately throughout the year. This species does best in partial shade. It is hardy to frost.

Many of the 150 to 200 known species of gladioli grow wild in Africa but some of them are to be found in the Middle East and Europe. They occur in all provinces of South Africa and in Zimbabwe, but the most decorative of the small species are to be found in a fairly small area of the southwestern and eastern Cape.

Very few flowers have met with the acclaim accorded to the hybrid gladioli in horticulture. Grown extensively all over the world as one of the most decorative of garden flowers it is, at the same time, one of the easiest to grow. It has been used for many years in floristry, not only because of its beauty but also because of its long lasting quality. These majestic and beautiful hybrids were bred from wild gladioli, which were largely native to Southern Africa, a fact worth remembering when one admires their classic beauty.

Recently those engaged in creating new types have turned their attention to producing smaller flowers on shorter stems as these are now in greater demand for floristry and gardens than the large types. The result is that some of the newest hybrids are very like their original parents. Some of our native species have been cultivated in Europe for more than 250 years yet one rarely sees them in our South African gardens. They are, however, charming little plants well worth trying,

some for their beauty, some for their scent and some for both.

When planting corms of the wild gladioli, one should divide them into two broad groups, those that grow naturally in the summer-rainfall region and those that are native to the winter-rainfall region. When growing these last-named in regions, which have summer rains, care should be taken to see that they are watered adequately during the winter months. Those which are native to the winter-rainfall region also like to be kept rather dry during summer, and in gardens where they are likely to receive too much water in summer, they should either be planted in porous soil which drains readily or else they should be lifted in summer when the leaves have turned yellow and be replanted in February.They do best in friable soil.

Some of the species from the winter-rainfall region are not able to withstand severe frost and should be protected during winter when grown in parts of the country where frosts are severe. To produce good results grow these gladioli in soil, which is fairly porous. If the soil is clay, lighten it by adding plenty of compost. Although most of these gladioli grow in full sunshine, some do much better in partial shade. Many of our native gladioli grow fairly easily from seed and produce flowering stems in the second season. Seed should be sown in February and March in containers, which can be kept moist and shaded until well after germination, has taken place.

Plant corms of the spring-flowering species from January to March. Those, which flower in late summer and early autumn, may be planted in spring. Low-growing species should be planted in colonies, spacing the plants 10 cm apart, whilst tall species may be interplanted with other flowers or grouped together, 20 30 cm from one another.

(Met erkenning aan Una v d Spuy)

---

The father of Botany

Carl Linnaeus born on 23 May 1707often called the Prince of flowers. He was the father of the binomial naming system that botanists stil use today.



## NAUKLUFT 15-23 May 2008

**FIVE** Berg en Dallers and two friends left George in May for Namibia to hike the ever so famous Naukluft trail.



With Jeff as our leader, it was oom Tom's daughter Hester, her friend Philip from Mossel Bay, Armin, Sarel, Lesley and myself.

We started off on the morning of the 15th, but soon realised this was no Sunday school picnic. There's work to be done. If it's not one major uphill, then it's "Armin's nightmare" – a dry, very uneven rock strewn riverbed. But those narrow rock gorges are beautiul with red rock walls towering up next to one another with rock fig trees that embrace them from behind with thick roots that go down and down, till they disappear into the dry riverbed. Spectacular !.

Before we started hiking we dropped some food off at the 4th day's shelter and filled up on that specific afternoon with some luxuries to last the next 4 days.

Each day the shelters were a very welcoming sight. With their tin roofs and thick stone and cement walls which stop halfway up to the roof, they tuned into display units each night, because everybody would pack out all their foodstuffs. Sometimes you had to fight to claim your place on one of those thick walls.



The second day and every day after that except the last day, we had to conquer some chains whether it was across, up or down, it did not come all that easy. To pull your own weight up on one single chain, plus that of your rucksack, while leaning backwards needed concentration, negotiation, anticipation and afterwards celebration


The men were really very helpful at each chain. While Armin would coach us up or down, Philip would lend you a helping hand. Sarel and Jeff would lower our rucksacks. We all had fun together but heartsore as well. The morning of the 4th day Sarel had to say goodbye to us, and took the shortcut back to the base camp. His feet wouldn't allow him to carry on. Jeff had to nurse a twisted ankle and Philip his knees. For the rest of us there were ample bruises and blisters here and there.

One day while walking in a dry riverbed Hester teasingly sang a little phrase from a commercial to Armin. Just these lyrics were born in my head, and I dedicated it to my 6 hiking friends:

*Dem stones, dem stones, dem river stones*
*Dem stones, dem stones dem Armin groans,*
*Dem stones, dem stones dem we all groan*
*Dem stones, dem naukluft stones*

Well, all finished the hike in good spirits and enjoyed the scenery and wildlife tremendously as well as each other's company. Then it was time to go home, Philip had a burst tyre on his way to the Naukluft and Jeff ended up with a blown tyre leaving the park. The result of this was that both vehicles then qualified for "Dem stones, dem stones, dem Fire-stones.!

Rose Kuyper





Hartlike groete uit Duitsland !

Liewe stapper-vriende van Berg-en-Dal,

ons is nou reeds 7 maande terug in ons geboorteland. na 13 wonderbaarlike verblyf –jare in julle pragtige land wat ons in hoë mate ook met die ondersteuning van julle kon leer ken – vir dit saam met die sosiale verbindinge (of: verbindings?), vriendskap en liefde skuld ons aan julle vir altyd groot dankbaarheid!

Hoe het ons nou hierso ingeleef, wat is die verskil?

Aan die eerste plek staan natuurlik die saamwees met ons kinders en kleinkinders – die hoofdoel van ons terugkoms. Dit is lekker om ons families of deel van hulle te ontvang of in 'n kort tydsorde en met min offering van tyd (wat die gedeelte van pad) betref) te besoek …


Ten opsigte van ons ouderdom en die pryse van huise en woonstelle in die groter stede van Duitsland (dit begin by woonstelle van 80m² en met kelder en balkon, sonder motorhuis of afdak, met 80 - 120 000€) het ons in 'n rustige stadsgebied naby die sentrum van Rostock (200 000 inwoners) 'n woonstel gehuur. In 'n kort afstand van die woonplek kon ons ook 'n motorhuis kry (wintertyd !), en winkels, dokters, klinieke ens. is te voet bereikbaar (soos die Yorkstraat van die Tuiniqua Sentrum af ...). Die groot winkelkettings kry ons met die publieke verkeersmiddel (trem, bus) in 5 minute, of ons kan ook loop. (Natuurlik mis ons die uitsig na „ons" George Piek wanneer ons wakker word in die oggend ...) - Ons het hier 'n goeie buurskap in die huis – vriendelike, rustige, behulpsame mense, ons was hartlik welkom, almal wil wat van Suid Afrika weet. Die woonstel is klein en funksioneel, maar nie vergelykbaar met ons Suid-Afrikaanse woonplekke in die gelede nie– nietemin is ons gelukkig en tevrede.

Rostock is 'n oue stad (1218) met baie historiese geboue in Baksteen-Gotiek, ingesluit groot kerke (foto). Na inwoners en vlakte is Rostock die grootste stad in die provinsie Mecklenburg-Vorpommern. Die universiteit (1419) is die oudste in Noord-Europa. Hooftakke van die ekonomie is skeepsbou, skeepsvaart, tourisme, en die universiteit as die grootste werkgewer.

Rostock (net 13m oor seehoogte ...) ly omtrent 12 km binnewaarts van

die Baltic Sea aan die klein rivier Warnow, wat in Warnemuende (=mond van die rivier Warnow) in die see loop. Hierdie dorpie is een in Duitsland baie bekende bad-, seil- en tourismeplek. In Warnemuende is 1 km van die see af 'n kaai waar 2 - 3 groote passasierskepe (foto) gelyktydig kan vasmeer en van waar passasiers een dag gebruik om met die train (in 2 1/2 ure) Berlin te besoek. In die aand kom hulle terug, en die skip loop weer see toe na ander hawes. Amper elke dag kom gedurende die seisoen skepe van hierdie tipe. - Warnow opwaarts 6 km in die rigting Rostock toe ly 'n hawe vir vragskepe en spesiaal veerskepe; hulle transporteer passasiers, motors en busse van/na Skandinawië - amper elke uur arriveer of vertrek 'n skip . En saam met die klein skepe wat toeriste vervoer om die see, die hawe en Warnow opwaarts die stad Rostock van die waterkant te wys is daar saam met seilbote altyd baie "lewe" op die water rondom die gewilde seekus ...

Die provinsie Mecklenburg-Vorpommern is 'n platland met min berge maar met baie mere en riviere – ook ideaal vir tourisme. Wanneer jy hoe berge wil sien moet jy die suidelike Duitsland, Oostenryk, Italië of Switserland besoek. Dit het ons einde September/Oktober gedoen en vir 14 dae die Alpe in Switserland (Davos) (foto) en Duitsland „studeer". Ons kon van Davos af die grootste deel van ons beplande bergpass-toere met die motor uitvoer en het fantastiese bergketting gesien. Ook het ons die kabelspore en tandratspore tot amper 3 000m hoogte ryklik gebruik - dit was in die ryspaket ingesluit. In een geval het ons op kontoer paaie van 'n hoogte van 2000 m afgestap en met oorvloedige spierpyne vir 3 dae as gevolg betaal ... Hoe ons na ons terugkoms gehoor het het dit 2 dae na ons vertrek van Davos daar baie gesneeu sodat baie vakansiegangers met motors groot moeilikheid opgedoen het uit die bergstreke te kom... - Gedurende 'n tussen-verblyf naby Garmisch-Partenkirchen het ons die Zugspitze (2962m, hoogste berg in Duitsland) (2 fotos:het jy)) per kabelspoor (opdraande) resp. tandratspoor (afdraande) besoek - weer by beste sonskyn en -2 grade daarbo. Die laaste week het ons van 'n klein moderne landhotel in die Bavaria woud (naby die Tsjeggiese



Marienkirche



grens) af gestap en motor ekskursies na 'n Duitse "glas dorpie" met glasfabrieke en groot -uitstallings en verder ook die stad Passau (aan die Donau) met sy Stephansdom (foto:het jy)en die wereldgrootste kerk orrel (17974 orrel pype en meer as 233 registers ...) toe onderneem - altesaam baie natuur, kultuur en geskiedenis ...
Maar ons tuisstad Rostock het ook 'n hele reeks van kulturele aanbode. So kon ons in Julie maand die eerste keer die „Hanse Sail" geniet - 'n "spectacle" wat in hierdie jaar die 18.keer in Rostock plaas gevind het . Dit is een van die grootste byeenskom in die wêreld van (in hierdie jaar) 230 tradisionele seilskepe en ander ou skepe uit 13 lande. Daaronder was 10 grootseiler met meer als 50m lengte - die Krusenstern" (foto) was die grootste met 114,5m lengte - en baie oue tipe soos die Koggen (foto). Meer as 1 million besoekers (inheemse mense en toeriste) het die skepe besigtig, met hulle gery en aan die laaste dag in 'n parade by die uitvaart uit die rivier Warnow op die ope see bewonder. Dit was indrukwekkend ! Natuurlik kon jy ook kunstenaars sien, seemans kore luister, eet en drink, ens. - maar die skepe was die hoof attraksie.
In Oktober het ons 'n gala-konzert van die „Universiteit vir Musiek en Teater Rostock" besoek. Studente, wat amper klaar studeer het, het as vokale en instrumentale soliste saam met die huis orkes 'n fantastiese opvoering gelewer.
Hierdie universiteit het omtrent 500 studente van Europa, Asië en Amerika en is baie gesog.


Omdat ons nou hier in Rostock woon kon ek (Erhard) in die laaste naweek aan 'n driedaagse byeenkoms van skeepsbou studente deelneem wat 1958 (50 jare gelede ...) aan die universiteit Rostock klaar studeer het. Watter weersien ! Hoogtepunte was die besoeke van 'n nuwe skeepswerf en 'n seevaartskool met baie moderne skipbrug-en masjienkamer-simulators vir die opleiding van seevartskundiges. Watter ontwikkeling in die laaste twintig jare !
In Duitsland val nou die blare van die bome af – herfstyd (foto:het jy). Dit is ook die tyd wanneer die mense in die woud gaan paddastoele soek. Gou volg die groue, troostelose November met koue, mis en hoog vogtigheid - nie goed vir die gemoed ... En dan wag ons vir die winter tyd met koue en sneeu (en son); maar hier aan die kus onder die invloed van die Baltiese See sal dit nie so erg wees nie ...

Ons stuur hartlike groete en beste wense vir gesondheid vir julle almal en vir julle families – geseënde Kersfees!
En omdat ons nog altyd RSG luister: Ons wens Suid-Afrika 'n goeie politiese en ekonomiese ontwikkeling toe !

Erhard en Eva

Rostock, 26.Oktober 2008







Hierdie skrywe van Erhard en Eva is onveranderd geplaas



## ONS VIER FEES

**ONS** Jaarvergadering 31 Januarie 2008 het 'n heel ander kleur gehad, eerstens toe die lede net aankom en aankom en ekstra stoele uitgedra moes word. Die weer was pragtig en aangesien die "Prince of Darkness" ook teenwoordig was, het ons besluit om die verrigting onder die sterre te hou. Ek dink die hele vergadering het so 45 min aangehou en toe begin die groot kuier om afskeid te neem van ons geliefde stapmaatjies Erhard en Eva, wat besig was met hulle groot oppak en regmaak vir hulle terugkeer na Duitsland.
Annette en haar komitee het uitstekende voorbereiding gedoen en so-



doende kon almal smul aan 'n heerlike ete – bobotie uit vele kombuise, geelrys, witrys, pampoenkoekies en slaaie, uit die harte van meesterkokke, en nog was dit het einde niet. Liplekker melkterte en koeksisters het die koffie en tee gekomplimenteer en tussendeur het die glasies vol gebly. 'n baie aangename aand om altyd te onthou
Op 12 Maart reël Erhardt en Eva 'n funksie by Rondevlei om van hulle vriende afskeid te neem. Wat 'n fees was dit nie.
Nadat Erhardt met 'n baie insiggewende toespraak aan almal namens

hom en Eva 'n "Adieu" toegewens het, het die nageregtafel skielik gekraak onder die heerlikste Swartwoudkoeke wat Eva meesterlik gebak het. Ons is hartseer om van sulke dierbare vriende afskeid te moet neem.
Na net 'n week doen die stappers toe weer so Austen en Kittie vier hulle 50 jarige troudagherdenking met 'n heerlike ete en nagereg wat my mond nou nog laat water
Ons uithang klere raak al minder want op 28 Maart nooi Hennie ons uit na sy "Popeye" se 80ste verjaarsdagviering. Nou is hulle weer vir die volgende 3 maande saam 80 jaar oud. Ons het heerlik saam met hulle koek en tee by Emmaus geniet waar alles so pragtig voorberei was om vir Annie die dag baie spesiaal te maak met die heerlikste eetgoed, waaraan ons almal met oorgawe aan weggelê het. Weer eens 'n heerlike saamwees en smuloggend .
Mag ons stappers en "Socializers" van Berg-en-Dal vir baie lank so bymekaar kom en lekker kuier

Anna van Niekerk

---

## STAP VEILIGHEID


Onderwater duikers het die slagspreuk
*"Dive Alone Die Alone"*
Hierdie stelling is nou onlangs weer baie duidelik bewys met die stapper wat alleen teruggedraai en spoorloos verdwyn het. Een van ons eie stappers het ook nou onlangs die nare ondervinding op die Naukluft gehad toe hy alleen teruggedraai, verdwaal en 'n nag alleen in die veld deurgebring het. Die paadjie was redelik toegegroei en hy het merkers gemis, 'n Tweede paar oë kon gehelp het. 'n Enkel kan swik, 'n slang kan pik of wat ook al. Dus: of dit nou 'n kort of 'n lang stap is- Stap saam ! .



## NAMAKWALAND SE BLOMME ROEP WEER




**NAMAKWALAND** roep en vier Berg-en-Dallers luister!!
So vertrek Lina, Annette en ek saam met Christina in haar nou reeds bekende 4x4 "Andy" op 21 Augustus na die blommeprag.
Ons was maar skepties want uit elke oord kom ander nuus van die blomme, maar ons sien uit na die rit en die lekker saamkuier. Die eerste aand slaap ons by Mara se gastehuis en ons maak 'n goeie nuwe vriendin met wie ek nou korrespondeer. Sy is 'n gebore Bitterfonteiner en sodoende stuur sy ons op die beste paaie, eers deur Springbok tot by Goegap Natuurreservaat. Die blomme weier egter om voor 12-uur gesig te wys, maar dit bly maar pragtig. Ons het die res van die middag by "Skilpad" in Namaquapark rondgery.
Annette het die 2 km staproete aangepak terwyl ons ander drie deur die reservaat gery het, deur plate en plate blomme en verras is deur twee pragtige gemsbokke met hulle babatjie. Ons het die aand by Verbe Karavaanpark by Kamieskroon oornag, sonder om tente op te slaan, in 'n vyfster toegeboude lapa met vyfster wasgeriewe. 'n Ongelooflike winskoop teen slegs R150 vir al vier.




Ons is die volgende dag oor die Studerspas na Garies deur Leliefontein-sendingstasie op na Nieuwoudtville. Lana by Matjiesfontein-padstal. onthou nog ons weduvrouens van so twee jaar gelede en dus kry ons die geleentheid om op hul plaas Boereplaas te gaan rondry en na hartelus blomme te kyk en die see van rooi kolsterte te bewonder.
Die blomme was nie so sprokiesmooi soos in 2006 nie, maar ek glo dat ons volgende jaar weer hierdie rigting sal inslaan.

Anna van Niekerk.

## KRANSHOEK ROBBERG EN KEURBOOMSTRAND

**VRYDAG** om 7:00 ontmoet die Moutons, Stausse en die Kingwills vir Lynette, Ria en Wilma by Pick en Pay, ons ry rustig na Harkerville en by Kranshoek kry ons vir Cor, Martie en Lenie.
Wat 'n opwinding om by so 'n indrukwekkende plek te kan stap. Na ontbyt volg die stap. Ons gaan oor 'n waterstroom wat later 'n waterval word teen die kranse af. Deur pragtige woud af na die kieselsteenstrand toe. Die see is woes en wild en ons stap tot by die eerste rivier, waar ons middagete eet.
Ons beur na bo en net toe ons bo is, besluit oom Hennie hy het sy nuwe kamera onder laat lê. Al die pad weer af en nie lank nie of hy is weer bo en wys geen geluk. Dis weg. Intussen het Annie vir hom die kamera opgedra. Ons drie vroue stap rustig agter om alles te geniet en sien sowaar nog dolfyne ook. Vanaf die uitsigpunt is die twee watervalle duidelik sigbaar en die 9 km pure genot. Stappers mag nie verby Harkerville ry sonder om hier te stap nie.
Van hier is ons na Keurboomstrand maar draai eers by Thyme & Again af, dan op na die Kingwills se vakansiehuis hoog teen die steilte. Pragtige uitsig en na elkeen sy lêplek gekry het, word die braaivleisvuur aangesteek.
Saterdag gaan ons na die Keurboomsrivier om daar op 'n vlot te vaar tot by die verste punt. By 'n uitstapplek gaan 5 flinke vroue swem en na 5 dae sou die einste rivier in 'n groot vloed afkom. Ons stap die middag vanaf die huis na die bekende "rock" . Die see is hoog en ons stap op 'n bospad tot by die Cathedral Rock. Die paadjie was soms skrikwekkend hoog maar ons ken mos van 3 punt vasklou.
Ons probeer die golwe takel maar die see is erg omgekrap. Terug huistoe en na 'n lekker bad is ons weer gereed vir 'n braai. Na ete wys David ons die film wat sy pa gemaak het oor hul lewe op hul plaas Gordonville naby Nieu Betesdha. Baie indrukwekkend om dit te kan sien en 'n lewensles daarby, amper soos "Faith like potatoes film".
Sondag is dit weer eens lieflike weer en voor ons vertrek en alles opgeruim is, kom ons bymekaar om soos kinders van die Here in 'n kring Hom te aanbid en te dank vir soveel mooi in sy Skepping. Ons vertrek na Robberg en by die parkeerplek word eers koffie gedrink en ons groet Cor, Martie en Lenie. Heerlike helder dag en ons sien die skeepswrak onder die see lê .Vele robbe se gebrom en geure bereik ons sintuie. Bote met passasiers vaar verby en eindelik bereik ons die vissershuis op die punt, ook genoem "the shack". So netjies en skoon en ons sien talle walvisse, groot en klein. Die vroue sit op die rotse en beland later in die rotspoele – heerlike pret. Die twee mans maak vuur met saamgeperste druiwepitte en wat soos droëwors lyk. Vele toeriste het die middag verby ons 'shack' gestap, van Engeland, Nederland en selfs Kanada en Duitsland. Almal het eers verslag gedoen waar hulle al was in ons mooi land en waarheen hulle nog wou gaan.
Maandagmore kom die son pragtig op oor die see en ons sien weer menige walvisse. Na ontbyt en hut skoonmaak, vertrek ons na Witsand en die eiland. Ons klim die koppie van die eiland, kry pragtige vergesigte. Die seemeeue verras ons met hulle kleintjies wat onder ma se vlerke uit vir ons loer. Ons stap uit maar oom Hennie kap sy skeenbeen en suster Ina verpleeg hom.
Ons groet by die motors en Maandag se verpligtinge roep weer. Ons bedank die Kingwills vir 'n onvergeetlike lekker langnaweek vol van gasvryheid.
Dankie van ons almal.

Wilma van Bochove




## SWELLENDAM EN BOOSMANSBOS

**VYF** op en wakker vroue – Jeanette, Lynette, Annette, Dina en Amanda (Lynette se suster) pak Vrydag 19 September. die Swellendam-roete Tienuurkop aan. Maandag 17:00, na vier lang dae in die berg en alles behalwe skoon, sak ons op die Spar in Swellendam af. Ons is so honger en dors dat ons net daar op die sypaadjie sit en die eetgoed verslind.



Na 'n nag van luukse in die Skilopia-hut in Grootvadersbos begin ons met die Grootvadersbos Wildernis-roete. Die 24ste om 14:00 stap ons uit na 'n laaste teemaak by Duivenhoksrivier. Sarel, Armin en Barry het die Langeberge ook aangedurf maar meer rustig, behalwe dat hulle Tienuurkop van onder tot bo uitgeklim het. Deur die ses dae het ons soms tot 800 meter geklim om dan net weer te daal deur klowe en oor waterstrome. Ons eerste nag by Boskloofhut was ons omhul deur sneeubedekte pieke en kon ons foto's neem van Ericas in die sneeu. Op dag vier, 'n ander uiterste, 'n hittegolf van 33 grade C! Ons koel af in 'n verfrissende bergstroom. Op dag vyf in Boosmansbos moes ons stewig staan want die wind lig jou van jou voete af. Daardie nag is ons dankbaar vir 'n hut met 'n nuwe sinkdak want donderbuie sak uit. Die volgende oggend stap ons 'n uur in reën. Elke aand het ons vroeg ingekruip in heerlike donsslaapsakke, sommer met al die klere wat ons besit. Die beloning vir al die ontberings was die






pragtige blomme. Die Langeberghange was oortrek met Ericas in alle skakerings pienk, geelblaartolbosse maar die *Protea Magnifica* het ons almal betower. In Boosmansbos was die oranje Riversdalheide, *Erica blenna* 'n hoogtepunt maar ook 'n verskeidenheid *Ericas, Restios* en die blou fonteinbos.

Een van die voorregte om so te klim, is die vergesigte. Die wonderlikste uitsig vanaf die Vensterbank naby Proteavalleihut! Ons kon op 'n hoogte van 1300 meter Towerkop in die Swartberge, Arangieskop en die sneeubedekte pieke van die Matroosberg sien. Ook hoe die Breederivier kronkel tot by Witsand met De Hoop en Struisbaai in die verte.

Ons is so bevoorreg om so 'n heerlike belewenis te kon hê en dit met mekaar te kon deel. Dit was swaar maar fantasties.

Annette Erlank



## INSIDE OR OUTSIDE


**DURING** one of the expeditions by Scott to Antarctica his companions often whiled away the hours when wild blizzards confined them to their tents by discussing a wide range of subjects. On one occasion there were two schools of thought on sleeping bags. Should one use them with the fur on the inside or outside? One of the men came up with these rather complex views on the subject.

*The sleeping bag.*
*On the outside grows the fur-side*
*On the inside grows the skin-side*
*So the fur-side is the outside and the skin-side is the inside*
*As the skin-side is the inside and the fur-side is the outside*
*One side likes the skin-side inside*
*And the fur-side on the outside others like the skin-side outside*
*And the fur-side on the inside*
*As the skin-side is the hardside and the fur-side is the soft side*
*If you turn the skin-side outside*
*Thinking you will side with that side*
*Then the soft side, fur-side's inside*
*Which some argue is the wrong side*
*If you turn the fur-side outside*
*As you say it grows on that side*
*Then you outsides next the skin-side*
*Which for comforts not the right side*
*For the skin-side is the cold side*
*And your outside's not your warm side*
*And two cold sides coming side by side*
*Are not right sides, one side decides?*
*If you decide to side with that side*
*Turn the outside, fur-side inside*
*Then the hard side, cold side, skin-side*
*Beyond all question, inside outside*



## TIERKOP-HUT

**TIERKOP-HUT** has been nicely upgraded in 2007 and Berg en Dal's members were the first group allowed to use the improved cabin in September 2007.
The upgrading included new water tanks, two water toilets and two showers with gas-heaters, solar panel for lights and a large veranda towards the east. The cabin has 15 bunks in three rooms, a kitchen and a large empty room.
On this weekend the hut was the location for the club's "wegstappe" even if it is not so far from George. On Friday morning Arnin, Talita and Frode started from the Botanical Garden and followed the pretty and peaceful route through the forest of Varing kloof, by the Old George Dam and up to the hut.
Unfortunately there were serious scars after a landslide in the area near the Old Dam after the heavy rain in the latter part of 2007. On the route we met a whole class (grade 7) from Glenwood School. They had stayed the previous night at the hut. Arriving at the hut Dick and Rose were already there as they had walked up from Saasveld. It was comfortable to be at the cabin and enjoy the view towards George and eastwards towards the Melville peak.
Unfortunately the handle of the kitchen door was broken and it was not possible to open that door and use the kitchen. A call was made to Annette in order to ask for some tools if somebody came up the next day



(Saturday). Early at 08h30 Saturday morning in the rain, Annette, Annie and Hennie appeared out of the mist with the necessary tools. Three engineers, Hennie, Armin and Dick treated the handle and springs thoroughly so that the door handle worked at least until a permanent replacement could be done. Then the three musketeers in their ponchos left the cabin and disappeared into the mist again.

The five residing ones waited some time till the rain stopped and then walked up to the neck near Kranzkop on the Craddock peak side of the top. Some of this path, which is a part of the traditional Outeniqua Trail, was overgrown. At the neck the clouds lifted and gave us a magnificent view of the eastern side of Cradock and George peaks, the Old Dam and Kranzkop.

The evenings at the cabin were special with drifting clouds, lightning in the east and sunset in the west with George covered under cotton clouds. Sunday was sunny and warm and early in the morning uncle Tom's daughter, Hester Boshoff, came jogging by the hut. There are some shortages at the hut: mattresses, chairs and a table and some necessary repair. Tierkop hut is a wonderful opportunity for Berg-en-Dal members and for people in George to enjoy undisturbed nature at a cabin close by.

Frode Moe

---

## DANKIE

Dankie vir persoonlike kontak, gebede, belangstelling, ondersteuning, ens. Tydens ons onlangse ongesteldhede, en nog steeds soos ons op die herstelpad vorder. Dit word opreg waardeer

Faan en Mathie

14 4 2008

Beste Stappersvriende

Baie dankie vir julle gebede, belangstelling en goeie wense met my onlangse operasie. Die meer tasbare "Proteïen" en blomme word ook opreg waardeer. My herstel vorder baie goed en ek hoop om binnekort weer perdfris en gesond te wees

Hendrik en Sus



## VERLORE DUITSERS

**OMSTREEKS** 18:00 skakel Doris Jandt en sê Armin het namiddag met Duitsers gaan stap. Twee het weggebreek op die pad vanaf Swartrivier deur na Koppies se pad.

Doris, Frode en Talita laai my op. Volgens Doris stap hulle nou op 'n pad na die damwal. Ons ry tot by Saasveld waar ons Armin en die ander stappers vind. Frode, Doris en ek ry terug na George, onder die indruk dat ons hulle by die dam sal vind. Doris skakel hulle weer en die twee sê hulle is nou by 'n diep rivier wat hulle nie kan kruis nie en die huise is reg voor hulle oorkant die stroom .Ek besef dat hulle op die Dikkoproete is en sê hulle moet terugstap na die pad en daar wag. Ons drie stap vinnig met die Dikkoppad en skakel hulle weer. Die twee het nie op die pad gewag nie maar stap in die rigting van Denneoord, volgens hulle beskrywing.

Ek praat self met hulle oor die selfoon en sê hulle moet daar bly staan. Ons sal hulle kry, hulle moet net oplet vir die flikkering van ons flitse. Ons draai na die pad wat na Denneoord lei. Ek bly flits maar hulle beantwoord dit nie. Ons skakel hulle weer, hulle sê hul sien nie ons flitse nie. Terwyl ons nog hulle posisie probeer bepaal, sien ons twee persone in die skemer aankom. Sowaar ons verlore skape! Dit is nou reeds 19:30.

Terug by die groep by Saasveld maak hulle 'n donasie van R410.00 aan ons klub wat al die werk die moeite werd maak.

Indien hulle aan ons versoeke voldoen het, kon ons hulle baie gouer opgespoor het.

Hennie Mouton

---


*Om eenvoudig en rustig te lewe is groot rykdom*

*Lucretius*

## Vyekonfyt


Die tyd is reg
maar Hennie se vyeboom is weg.
Die flessies is leeg,
nou moet ek vinnig beweeg.
'n Plan word beraam.
Ek sal na die koerant moet gaan.
So is my pleidooi
in die Herold ontplooi.
En die vrygewige lesers het my met vye toegegooi.
Die kookproses het begin rol
en al die flessies is nou weer vol.
Ek sien nou uit na twintig nege
wanneer ek my weer tot die koerant gaan begewe.
Vyekonfyt! Vreugde!


Anna van Niekerk







# AMATHOLE OKTOBER 2008








**En ons dink hierdie spesie kom net in die Himalayas voor**



Erkennings

Vir die bymekaarmaak van artikels
Anna van Niekerk

Foto's
Annette Erlank
Rose Kuyper
Jeanette Kingwill
Frode Moe
Pieter Potgieter

Tekeninge
Goscinny en Uderso